IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Friday 15 November 2002 (afternoon)
Vendredi 15 novembre 2002 (après-midi)
Viernes 15 de noviembre de 2002 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir cette épreuve avant d'y être autorisé.
- Rédiger un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.

*Skryf kommentaar oor* **een** *van die volgende tekste:*

**1.** (a) **Wat die kop van oorloop …**

Daar is al gesê dat om te leef in die informasie-eeu en om 'n Zen lewenstyl te beoefen, is nie te versoen is nie. 'n Meer pertinente vraag is: wat het dié twee konsepte met mekaar gemeen?

Daar word bereken dat die gemiddelde persoon in die Middeleeue nie meer kennis besit het as wat een moderne koerant bevat nie. Mense het vyf eeue terug met uiters min kennis en feite gewerk, terwyl die konsep van *informasie-oorlading*, die probleem van te veel (en soms irrelevante) inligting die dag van die moderne persoon karakteriseer.

Navorsers aan die Kokkaido-universiteit in Japan ervaar die probleem op twee vlakke: Eerstens weet ons nie hoe om te onderskei tussen beuselagtige kennis en ter sake kennis nie. En tweedens maak die ontsagtelike hoeveel beskikbare kennis dit moeilik om self probleemoplossend te werk te gaan.

E-pos, koerante, strooibiljette, advertensies, gemorspos, radio, TV, boeke, inligtingstukke ens bring ons by die punt waar ons van *oorladingsangs* kan praat. Medici praat nou van emosionele en fisieke probleme as gevolg van die oorlading, d.w.s. dat ons letterlik siek word van die gevoel dat ons nie kan byhou nie.

'n Ander verskynsel is dat ons meer en meer die komputer as 'n soort eksterne geheue gebruik. Dit lei daartoe dat ons eenvoudig alledaagse dinge vergeet. Wat ons nog nie weet nie is of ons geheue gewoon nie genoeg informasie kan stoor nie, en of ons geheue eenvoudig nie sterk genoeg ontwikkel is om wel alles in te neem nie.

Jong mense kla ook dat hulle nie kan skryf nie. Van hulle vind dat handskrif en spelling vinnig agteruit gaan.

Hoe lyk die profiel van 'n erg oorlaaide persoon. Navorsers praat van 190 stukke inligting per dag wat aandag moet ontvang. Dié inligting kan wissel van huistake, tot rekeninge, en van afsprake tot nuwe inligting wat verwerk moet word.

Dit is dus geen wonder dat die soek na stilte en onbelaste oomblikke so 'n sterk dryfveer in ons lewens geword het nie. Kyk maar na die honderde selfhelp boeke wat leiding probeer gee oor hoe om groter balans in jou lewe te bewerkstellig. In die verband is 'n Zen gesegde van pas: Maak jou leeg ten einde volheid te ervaar. Dalk het die probleem meer te doen omtrent die soort lewenstyl wat ons kies.

Hanlie Gouws *Insig* (2001)

- Op welke wyse skep die skrywer die indruk dat ons met ’n informasie-oorlaaiing te make het?

- Die skrywer bring ’n Zen lewensfilosofie en die verskynsel van informasie-angs met mekaar in verband. Hoe artikuleer die twee konsepte?

- Wat is die onderliggende argument in die stuk?

- Wat is jou gevoel nadat jy die stuk gelees het?

**1.** (b)

**’n Buurman digteby**

’n Spook dwaal deur my lewe
wat sprekend lyk op my:
ook hy het met die jare
’n tweede ken gekry.

’n Spook dwaal deur my lewe
wat sukkel met sy sig;
ook hy dra diklensbrille
en soek die beste lig

’n Spook dwaal deur my lewe –
sy hart wil soms gaan staan –
Vir klim sien hy nie kans nie
En dans is van die baan.

’n Spook dwaal deur my lewe –
sy kop is glansend kaal:
word hy ook al vir maande
teen daardie ramp bestraal?

’n Spook dwaal deur my lewe
en luister by my deur
hoe ek beloftes prewel
of vloek in selfverweer.

Die spook lag saggies, maar simpatiek:
Ook hy ken dié scéance
Voor elke dagbreek in die groute
En in die skemer saans.

En op ’n aand, as ek weer kniel,
Sak hy ook vir gebed:
Jou spook is teen die einde
Al buurman wat jy het.

Hennie Aucamp. *Die Afrikaanse poësie in ’n duisend en enkele gedigte*. 1995.

- Die proses van fisieke en geestelike aftakeling word deur die digter vergestalt in ’n spook wat hom bybly. Watter aspekte van die aftakelingsproses word hier beskryf?

- Wat in die gedig gee die indruk dat die digter hom versoen met die proses van veroudering en aftakening?

- Kyk nou na die titel van die gedig. Hoe help dit jou om die betekenis van die gedig beter te verstaan?

- Hoe sou jy die toon van die gedig beskryf?

---